higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MODETEKENINGE N5

(Eerste Vraestel)

(10010525)

6 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye, instruksies van 2 bladsye vir die tweede vraestel en 3 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENINGE N5
(Eerste Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke antwoord op 'n NUWE bladsy.
5. Jy mag die croquis gebruik wat voorsien is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Bestudeer die skets van die uitrustings en beantwoord die vrae:



1.1.1 Noem die onderuitrusting wat die mans dra. (2)

1.1.2 Noem die uitrusting wat die vroue dra. (2)

1.1.3 Tydens watter periode is bogenoemde uitrustings gedra? ⌘ (1)

1.1.4 Gee 'n volledige beskrywing van hoe mans hulle rompe gedra het. (3)

1.1.5 Gee 'n volledige beskrywing van die uitrusting wat die vroue gedra het. (3)

1.1.6 Hoe het mense in hierdie tydperk hulle grimering gedoen? (2)

1.1.7 Verduidelik hoe die plooie van die romp wat die mans gedra het, gemaak is. (2)

1.1.8 Maak 'n vinnige skets van 'n vrou wat die aandrok dra wat deur hierdie periode inspireer is. ⌘ (5)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Sari is 'n uitrusting vir Indiërs. ⌘

1.2.2 'n Krawat is 'n variasie van 'n peplum (heupval).

1.2.3 Die parka is 'n basiese uitrusting van Eskimo's.

1.2.4 Die voorkoms waar die borste teen mekaar opgestoot, word bandelette genoem.

Kopiereg voorbehou

1.2.5 Die doriese chitoon kom van Griekeland

1.2.6 Wanneer die schenti gedra word, word dit om die kop gedraai en deur die kramme ('fibulae') ondersteun. ⌘

1.2.7 Kimono word algemeen in Japan gedra.

1.2.8 'n Inspirasieskets is 'n ontwerperskets.

1.2.9 Bolero is 'n baie lang rok van die Bapedi. ⌘

1.2.10 Die Rococo-periode se pruik is die poniestert genoem.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n woord/item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Mansbaadjie	A	snyerskraag
1.3.2	X-vormige silhoeët	B	tegnies
1.3.3	Produksietekeninge	C	strompel-
1.3.4	Uitrusting wat Skotse mans dra	D	Skotse rokkie (kilt)
1.3.5	Lang stywe romp ⌘	E	1000 vC-500 nC
1.3.6	Die Romeinse periode	F	parka
1.3.7	Die algemene uitrusting can Turkye	G	1927
		H	1947
1.3.8	Hierdie periode was bekend vir die klapstyl (flapper style)	I	bolero
1.3.9	Dior se New Look	J	uurglas ⌘
1.3.10	Word algemeen in Spanje gedra	K	1830-1832

(10 × 1) (10)

1.4 Noem die verskillende periodes wanneer die volgende uitrustings gedra is.

1.4.1 Lendedoek

1.4.2 Toga ⌘

1.4.3 Mussiehoed ('Togue')

Kopiereg voorbehou

1.4.4 Himation ⌘

1.4.5 Chlamys

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B


VRAAG 2

2.1 Bestudeer die skets noukeurig en maak produksietekeninge. Toon die voorkant en agterkant van die bloes wat die model dra. Hou al die vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte. ⌘



[Bron: *www.google.co.za.search?q=picture+woman+wearing+clothes*] (25)

2.2 Bestudeer die sketse noukeurig en maak 'n voorstellingskets van 'n figuur wat die bruidsuitrusting wat deur die skets inspireer is, dra. Toon die voor- en agterkante. Voltooi die voorstellingstekening met 'n geskikte agtergrond en bykomstighede wat verband hou met die peiode waarin die uitrusting mode was. Hou al die vereistes vir 'n goeie voorstellingskets in gedagte. Gebruik die croquis wat voorsien is.




(25)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100


Kopiereg voorbehou

BYLAE A



Kopiereg voorbehou

BYLAE B



Kopiereg voorbehou

BYLAE C



Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE VIR DIE TWEEDE VRAESTEL

1. Gebruik die instruksies in AFDELING A van die BYLAE om jou voor te brei vir die formele eksamen in die TWEEDE VRAESTEL.

2. Gebruik die tema wat gegee word om genoeg inligting in te win vir die eksamen wat oor 'n paar dae sal volg.

3. Kandidate word toegelaat om geskrewe inligting, materiaalmonsters, bykomstighede, afwerkings, tydskrifprente en ander noodsaaklikhede na die eksamenlokaal te bring ten einde 'n stel modeborde en -sketse oor die gegewe tema te voltooi, soos dit in die industrie gedoen word.

4. Tydens die eksamen van vyf uur moet kandidate 'n inspirasiebord en/of 'n ontwikkelingsblad en/of voorstellingsbord en/of produksiesketse en/of bykomstighedebord oor die gegewe tema maak. Die kandidate sal nie AL die sketse in die ontwerpproses hoef te maak nie. Die spesifieke sketse wat die kandidate oor die gegewe tema moet maak, sal aan die begin van die vyfuureksamen aan hulle gegee word.

5. **LET WEL**: Kandidate MOET NIE modesketse of modeborde na die eksamenlokaal neem nie. ALLE sketse moet tydens die vyfuureksamenperiode gemaak word.

6. Die vraestel bestaan uit DRIE vrae. Dit sluit in DRIE verskillende soorte sketse of borde oor die gegewe tema. Elke vraag of modebord/-skets sal 100 punte tel. Die totaal van die tweede vraestel is 300 punte.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (TWEEDE VRAESTEL)

KANDIDATE MOET DIE INSTRUKSIES OOR DIE ONTWERPTEMA NOUKEURIG LEES

INSTRUKSIES OOR DIE ONTWERPTEMA

Gebruik die tema: 'TROTS SUID-AFRIKAANS' as inspirasie en ontwerp 'n reeks damesaanddrag.

Versamel inligting, materiaalmonsters, tydskrifprente, bykomstighede en ander noodsaaklikhede oor hierdie tema om in die vyfuureksamen wat oor 'n paar dae geskryf sal word, te gebruik.

MOENIE enige modesketse of modeborde tydens jou voorbereiding maak nie. ALLE tekeninge en modeborde moet tydens die formele eksamen gemaak word. Die tipe sketse wat jy moet maak, sal op die dag van die eksamen aan jou gegee word.

Jy sal toegelaat word om AL die inligting wat jy versamel het na die eksamenlokaal te bring, maar geen modesketse sal toegelaat word nie. 'n Croquis sal voorsien word.

Jy moet jou EIE tekenpapier en karton vir die tekeninge voorsien. Karton sal nodig wees om finale modeborde af te rond. Dit moet A3-grootte wees en die kleur moet die reeks komplementeer om dit professioneel te laat lyk. Netheid en aanbieding is belangrike faktore om in gedagte te hou.

LET daarop dat jy alles moet saambring wat jy nodig sal hê om die tekeinge oor die gegewe tema te maak. Dit sluit in tekenpapier, karton, kleurmediums en AL die versamelde inligting en noodsaaklikhede wat gebruik kan word om jou werk professioneel te laat lyk.

Kopiereg voorbehou